NOORD Nuus 2018 wellington-noord Geloofsgemeenskap

14 Oktober 2018

koninkrykstyd

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

# Welkom by vandag se erediens!

*Laat ons feesvier met die Ongesuurde brood van reinheid en waarheid*

## VANDAG SE PROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| | **Predikant**<br>**Ds. Francois Human** | **Orrelis**<br>**Johann Enslin** |
| 09:00 | **Erediens** | |
| | **Dienswerkers:** Carel van der Merwe en Rudolf Jansen van Vuuren | |
| | **DEUROFFER: Hugenote Kollege Beursfonds** | |
| 10:15 | **Kategese** | |


**NGK Wellington-Noord**

MacCronestraat 11 – Wellington – 7655
**Tel/Faks:** 021 873 2763 | **Pastorie:** 021 873 2765
**Bankbesonderhede:** ABSA, Wellington: 430 580 019
Like **www.facebook.com/wellingtonnoord**

**E-pos adresse:**
Francois Human: francois@wellingtonnoord.co.za
Johann Crous: crousjm@telkomsa.net
Marita Coetzee: marita@wellingtonnoord.co.za
Marius Otto: marius@wellingtonnoord.co.za
Johann Enslin: jenslin@hugenoteskool.co.za


facebook **GAAN BESOEK GERUS ONS WEBBLAD:** www.wellingtonnoord.co.za of ons **FACEBOOK-BLAD: www.facebook.com/wellingtonnoord**

## Koringprojek 2018

Die koringprojek vorder baie goed. Kunsmis en spuit-programme is reeds afgehandel en ons is oorvloedig Geseën met reën. Op die stadium lyk die oesvooruitsig, belowend. Baie dankie vir almal se bydrae tot dusver.



# Kwartaalprogram

**UITVOERENDE BESTUUR VERGADERING: Maandag 15 Oktober 2018 om 19:00 by die pastorie.**

**Bevestiging van nuwe Kerkraad**
**21 Oktober**
**Kerkraadsvergadering**
**29 Oktober**
**Belydeniskamp**
**2-4 November**
**Nagmaal**
**11 November**
**Belydenisaflegging**
**Sondag 11 November**
**Villamar/Fruition Gholfdag**
**16 November 2018**
**Kerssangdiens**
**18 November om 19:00**
**Wit Koevert Insameling**
**18 November**
**Kategese en Gemeente afsluiting**
**25 November**
**Uitvoerende Bestuurvergadering**
**26 November om 19:00 by die pastorie**
**Senior Lidmate Kersete**
**7 Desember om 17:00**
**Skole sluit**
**12 Desember**
**Kersdiens**
**25 Desember om 09:00**
**Middernagdiens**
**31 Desember om 23:30 by Wellington-Noord**

# Bybelskool

BYBELSKOOL BEGIN WEER OP Dinsdag 16 Oktober 2018 om 18:30, of Woensdagoggend 17 Oktober 2018 om 09:30 in die konsistorie. Almal is hartlik welkom!!




LJ Conradie (14) – Lenize Gerber (14) – Christiaan Leipoldt (14) – Estmari Rabie (14) – Karen Barnard (14) – Hanna-Marie Blake (15) – Desireé van der Merwe (15) – Daniel Snyman (15) – Daniel Snyman (16) – Jurgens Basson (17) – Mieke Siebritz (17) – Angela Jooste (18) – Martien Laubscher (18) – Pierre Bester (19) – Johann Burger (19) – Christine de Reuck (19) -Jean Joubert (19) – Betsie Koen (19) – Helene vd Westhuizen (19) – Naléne Visser (19)

# Gedenkpilare

Ons is baie opgewonde oor die eerste fase se oprigting van 3 gedenkpilare in die kerk se tuin langs die konsistorie. Elke nis het plek vir twee kissies, en die koste daaraan verbonde is R2600 tot aan die einde van Desember waarna die koste sal verhoog. Indien u belangstel in die koop van 'n nis kan u dit by die kerkkantoor bespreek en betaal. Wanneer dit nodig is om gravering op die granietsteen aan te bring sal die kerkkantoor vir u die nodige reëlings tref, maar u moet die kostes vir die gravering self vereffen, aangesien dit nie by die prys van die nis ingesluit is nie.



*Julle is die Sout vir die aarde*



# Preek: 7 Oktober 2018 – Johannes 13 en 18

**Dra mekaar se laste…**

Petrus verloën Jesus drie maal nadat hy vir die Here gesê het hy sal sy alles vir Jesus gee – selfs vir Hom sterwe. Toe hulle egter vir Jesus gevange neem om Hom te kruisig het Petrus gesê hy ken Hom nie. Jesus begin om Petrus se verloëning reg te maak deur vir Petrus te vra: Het jy My lief? Petrus antwoord ja Here, U weet tog hoe toegewyd en lojaal ek is. Jesus vra aanhoudend of Petrus Hom liefhet.

Foute, mislukkings en teleurstellings is deel van elkeen se lewe. Ek kry als in plek, maar ek misluk, hoekom? Wat het my lewe getref dat dit gebeur het? Petrus het 'n vernedering en swelfverwyt ondergaan. Dit gebeur ook in ons lewe – wat maak ek daarmee? Petrus sê hoe kan die Here homself nog ontferm oor hom?

Om te val is deel van ons lewe (mislukking). Hoeveel mense in ons lewe val en weet nie hoe om op te staan nie. Om foute te maak is menslik. Om te misluk behaal jy uiteindelik sukses in die lewe. Petrus wat het jy gedoen om vernedering te smaak? Dek ons nie die tafel met mense se foute en mislukkings nie? Wat se genade en liefde het ons vir mekaar? Neem ons verantwoorderlikheid vir mekaar se laste? 'n Las is iets wat te swaar is. Watter laste dra ons wat te swaar is? Dra mekaar se laste. Is ons bereid om mekaar te dra? Hoe kry ons dit reg om ons eie en mekaar se laste te dra?

God sê "vra My om te help dra" God is genadig – Hy wil dit vir jou dra. Is jy bereid om hierdie geskenk oor te dra aan jou medemens? Die Here sê ons moet mekaar Liefhê, Bid vir mekaar – die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.

## *Gebedsgids vir Bybelwerk - 14-20 Oktober 2018*

**Hongkong:** Bid vir die voorbereiding van die eeufees vieringe van die Chinese "Union" Bybel in 2019. Bid dat hierdie vieringe eenheid onder Chinese Christene en kerke sal bevorder.

**Taiwan:** Bid vir al die aktiwiteite en Bybelforums wat ons organiseer om mense van die Bybel en die Bybelgenootskap bewus te maak. Bid dat die Here tydens hierdie geleenthede die harte van mense sal aanraak.




*Moenie moedeloos raak nie, al voel dit vir jou of die Here nie dadelik op jou gebede antwoord nie - hou net aan bid en onthou dat Sy tyd en plan volmaak is.*

***Lees: Psalm 104:34***

# HUGENOTE KOLLEGE

hugenote kollege
Waar Christenwees grondvat in opleiding



Dr Andrew Murray, minister of the Dutch Reformed Church of Wellington between the years 1871 – 1906, was such an innovative social leader. His vision and dream to empower the women of South Africa through Christian based education and training has led to the establishment of the Huguenot Seminary in 1874 with the help of two educators from the Mount Holyoake Seminary in Massachusetts.

Over the years a number of institutions grew out of the Huguenot Seminary: a school for boys and a school for girls which was later merged to become the Huguenot High School; A training College for teachers which later became part of the Faculty of Education of the Cape Peninsula University of Technology and the Huguenot College which later became the Huguenot University College. The Huguenot University College was closed in 1948 and reopened in 1951 as the Hugenote Kollege – a training institution for social welfare workers and mission workers.

In the early 1970's Hugenote Kollege entered into an academic partnership with Unisa which allowed Hugenote Kollege to offer graduate as well as post graduate programmes. This partnership was terminated by Unisa at the end of 2012 leaving Hugenote Kollege with no accredited programmes and no students.

The Board of Directors then took initiative to reposition Hugenote Kollege as a private Christian post-school training institution focusing on the training and equipping of innovative social leaders to participate in God's mission of caring for and the healing of this world.

